

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
13 Maart 1977

Onderwerp: Unieke hofsaak

Lees: Johannes 18 verse 12 tot 27

Teks: Johannes 18 verse 19 tot 21

Sing: Psalm 18 vers 1
Gesang 128 verse 1 en 6

“Daar was in die jaar 33 n.C. ’n unieke hofsaak in Jerusalem. Buiten dat Jesus Christus die Beskuldigde was, was dit nie uniek omdat dit tegnies gesproke totaal onwettig was en omdat daar geen erns gemaak was met die reg van die Beskuldigde nie. Dieselfde gebeur met hofsake van die wêreld oor Suid-Afrika.

“Verder was hierdie hofsaak ook nie uniek omdat die Beskuldigde onskuldig aan die kruis vasgespyker is nie. Ongegronde veroordelings gebeur waar feilbare mense aan die roer van sake staan.

“Wat hierdie hofsaak so uniek maak, is dat dit nog nie afgehandel is nie. Dit duur nog voort tot in ons dag, omdat dit ’n hofsaak oor jou en my oortredings is.

“Annas, die skoonvader van die hoëpriester Kájafas, het in die jaar 6 n.C. hoëpriester geword. Alhoewel hy twee jaar voor Jesus se verhoor deur die Romeine afgedank is, het hy tydens Jesus se verhoor nog nie sy pos afgegee nie. Hy sou nooit ’n nederlaag erken het nie en het gemeen dat hy alle moontlike belangrike posisies in die land kon vul.

“Annas was ’n oneerlike, verrykte grysaard, wat die bemoeisiektes onder die menslike geslag verteenwoordig het. Hy was oud maar nog skerp en helder van verstand. As gevolg van sy groot rykdom, wat sy invloed tot in Rome laat geld het, het sy woord gewig gedra, selfs by die Romeinse stadhouers. Hy was ’n magtige mens in Israel. Annas se aandele het hoog genoteer gestaan op die beurs van Jerusalem. En dit is voor hom wat Jesus verskyn het.

“Dit is moontlik dat Annas al maande lank uitgesien het na hierdie ontmoeting. Wie weet, miskien het Jesus met die reiniging van die tempel, ook Annas en sy mense se tafels omgestoot. Miskien het Annas hierdie vreemde Rabbi as ’n bedreiging beskou vir sy mag en rykdom. Daarom was daar vir Annas ’n rekening wat

vereffen moes word; en was sy vrae aan Jesus in vers 19 nie vir ons 'n verrassing nie.

“Ons lees dat hy Jesus uitgevra het oor sy dissipels en leer. Dit was 'n tipiese vraag van iemand wat bedreig gevoel het. Hy sou wou geweet het hoe groot die groep mense is wat Jesus gevolg het en hoe groot die invloed sfeer van hierdie Man was? Daardeur sou hy kon bepaal het of Jesus vir hom 'n bedreiging was of nie?

“Hy het ook belanggestel in Jesus se leer. Hy sou wou geweet het watter ondermynende dinge hierdie Beskuldigde alles verkondig het. Hy het met sy vrae probeer om Jesus verdag te maak, asof Hy dinge ondergronds gedoen het.

“Maar Jesus het hom 'n verrassende antwoord gegee: ‘Ek het ronduit tot die wêreld gespreek; Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante vergader; en in die geheim het Ek niks gespreek nie. Wat ondervra u My? Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek tot hulle gespreek het; hulle weet tog wat Ek gesê het.’ (Joh 18:20,21)

“Hierdie hofsaak wat in die jaar 33 n.C. begin het, het nie daar geëindig nie. Dit het voortgeduur deur al die eeue en hou steeds aan tot in die twintigste eeu en verder. Dit is omdat hierdie hofsaak, die hofsaak is oor die oortredings van elke mens voor God. Toe Jesus in die jaar 33 n.C. daar gestaan het, het Hy elke mens verteenwoordig. En daarom het hierdie verhoor ook vir ons wat in die twintigste eeu leef, betekenis. Dit gaan oor jou en my oortredinge. Ons wat vandag leef, is die beskuldigdes. Jesaja skryf: ‘Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.’ (Jes 53:5) Hierdie waarheid word ook vir ons op baie ander plekke in die Bybel bevestig.

“Ja, toe Jesus voor Annas gestaan het en uiteindelik ter dood veroordeel is, was dit eintlik jy en ek wat voor God gestaan het. Die straf wat oor Jesus Christus uitgespreek was, was eintlik jou en my straf, want die Bybel sê: ‘... die loon van die sonde is die dood’. (Rom 6:23)

“En nou is die belangrike vraag in hierdie Lydenstyd of jy ooit besef het, dat Jesus se lyding in die jaar 33 n.C. vir jou was? Het jy geweet dat alles wat Jesus Christus deurgemaak het, was om jou sondeskuld voor God te betaal en jou met God te versoen? As jy dit

verstaan, dan kan jy by Jesus se verhoor 'n nuwe datum skryf: moontlik 1977 en ook jou eie naam. Dan het hierdie verhoor nie net betrekking op die jaar 33 n.C. nie, maar ook vir 1977, toe jy ontdek het dat dit ter wille van jou was.

“Broers en Susters, dit is só belangrik dat ons dit besef, want daar kom nóg 'n verhoor aan die einde van die tyd. En as ons Jesus Christus as ons Verlosser aangeneem het, kan ons dit met vrede en vreugde tegemoet gaan.

“Maar daar is nog 'n ander rede waarom die hofsaak van 33 n.C. nog nie geëindig het nie. Dit is omdat Jesus Christus tot vandag toe telkens weer beoordeel, geweeg en verhoor word. Jy en ek word vandag nog opgeroep as getuies in hierdie saak. Aan die een kant is ons beskuldigdes, maar aan die anderkant is ons ook getuies: ‘Wat ondervra u My? Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek tot hulle gespreek het; hulle weet tog wat Ek gesê het.’ (Joh 18:21)

“In Johannes 18 lees ons van twee mense wat in die verbygaan terloops getuienis afgelê het. Ons lees in vers 22, toe Jesus sy oorwinnende antwoord aan Annas gegee het, dat een van die dienaars Hom in die gesig geslaan het en gesê het: ‘Antwoord U die hoëpriester so?’ (Joh 18:22)

“Ons weet nie hoeveel kennis hierdie man van Jesus Christus gehad het nie, maar ons weet dat hy 'n antwoord gegee het. Sy antwoord was 'n vuishou in Jesus se gesig. Hy het nie geskroom om openlik te wys hoedanig sy verhouding met Jesus Christus was nie.

“Maar ons lees ook dat terwyl Jesus voor Annas was, daar 'n persoon in die binnehof was wat die ware getuienis kon gelewer het. Petrus, wat deur 'n meisie as getuie opgeroep is: ‘Jy is tog nie ook een van die dissipels van hierdie mens nie?’ Waarop hy geantwoord het: ‘Ek is nie.’ (Joh 18:17)

“Daarmee het Petrus nog valse getuienis by die ander gevoeg.

“Petrus is weer gevra: ‘Jy is tog nie ook een van sy dissipels nie?’ Waarop hy met 'n hartverskeurende antwoord ontken het dat hy 'n dissipel van Jesus Christus was: ‘Ek is nie.’ (Joh 18:25)

“Petrus het kort tevore aan Jesus verklaar: ‘Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan.’ (Luk 22:33) In skille kontras hiermee het hy vir eie veiligheid en selfbehoud 'n streep getrek deur sy belydenis en sy verbintenis met die Man van Nasaret.

“Daarna het een van die hoëpriester se diensknegte hom gevra: ‘Het ek jou nie in die tuin by Hom gesien nie?’ (Joh 18:26) Waarop Petrus dit weer ontken het.

“Daar was in die binnehof net verwerping, ontkenning en veragting vir die Seun van God. Hy het Hom beroep op diegene wat Hom gehoor het: die Apostels, Nikodemus, die Samaritaanse vrou, die melaatses wat Hy genees het en die besetene van Gadara. Hy het Hom beroep op dié mense wat Hy gehelp het, diegene wie se lewens Hy verander het, diegene wat Hy uit die dood gered het. Hy het geroep en niemand het na vore gekom om vir die waarheid van sy saak te getuig nie. Hy het staatgemaak op sy volgelinge, maar dit was tevergeefs.

“Begin jy Jesus Christus se lyding verstaan?

“As daar ooit ’n tyd is dat Jesus Christus beoordeel en verloon word, is dit sekerlik vandag. Hy staan in die brandpunt van die weegskaal van menslike denke. Hy word verhoor en beoordeel deur elke Jan Rap en sy maat. Daar word wyd uiteenlopende oordele uitgespreek oor die Seun van God, wat na die wêreld gekom het om sy lewe te gee as ’n losprys vir hulle wat in Hom glo.

“En in hierdie wêreldhofspraak van die twintigste eeu, roep Jesus jou en my op as getuies. Vir jou en my wat daarop aanspraak maak dat ons Jesus Christus se volgelinge is. Vir jou en my wat in die kerk sit. Vir jou en my wie se gebed Hy by geleentheid verhoor het toe ons in die nood was. Vir jou en my wat glo dat Hy ons met God versoen het.

“Sal dit wees dat Jesus Hom op ons beroep en ons weier om na vore te kom? Sal dit wees dat Jesus op ons staatmaak en niemand van ons is bereid om antwoord te gee nie? Sal ons Jesus oorgee om deur die wêreld veroordeel te word, sonder dat ons bereid is om van ons oortuiging te getuig?

“Jesus se hofspraak, wat in die jaar 33 n.C. begin het, is ’n unieke hofspraak omdat dit sonder einde is. Ons is in die twintigste eeu steeds daarby betrokke, nie net as beskuldigdes nie, maar ook as getuies.

“Maar daar is nog iets wat hierdie hofspraak uniek maak. Dit is dat hierdie hofspraak vir sommige mense sal wees tot die lewe en vir die ander tot die dood.

“Amen.”